

Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAAN SA GRAAN SA	DATUM	DATUM		+ - WEEK GELEDE		+ - MAAND GELEDE		+ - JAAR GELEDE	
	2016/12/08	2016/12/07		2016/11/28		2016/11/07		2015/12/07	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%
DJIA-index	19550	297.84	1.5%	19252	2.1%	19152	9.3%	17888	10.3%
Goud (Spot)	1178.61	9.19	0.8%	1169.42	-1.2%	1192.38	-8.8%	1292.61	9.8%
Brent \$/vat	53.03	-0.57	-1.1%	53.60	12.4%	47.18	15.2%	46.02	29.5%
1 € / US\$	1.0772	0.005	0.5%	1.0721	1.0%	1.0662	-2.7%	1.1071	-0.7%
1 US\$ / ZAR	13.47	-1.060	-7.3%	14.53	-3.7%	13.99	-0.7%	13.57	-7.2%
Corn	R 1,856.00	-198	-9.6%	R 2,053.42	*CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec Sept 12:00 the previous day				
Wheat	R 1,910.46	-252	-11.6%	R 2,162.24	* CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day				
Soybeans	R 5,191.90	-409	-7.3%	R 5,600.47	* CBOT Soy Jan cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Jan 12:00 the previous day				
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)									
Corn Dec 16	350.00	-9.00	-2.5%	359.00	0%	349.00	1%	348.00	-12%
Wheat Dec 16	386.00	-19.00	-4.7%	405.00	-2%	395.00	-7%	414.00	-26%
Soybeans Nov 16	1049.00	0.00	0.0%	1049.00	0%	1046.00	7%	981.00	16%
Latest MTM prices (Recorded between 07:00 am - 08:00 am on the last two dates) SPOT = nearest contract month (Rands / tonne)									
SORGHUM Jul '17	3300.00	0.00	0.0%	3300.00	-3.4%	3416.00	-3.4%	3416.00	NA
WMAZ Spot	3976.00	-34.00	-0.8%	4010.00	-3.0%	4099.00	10.2%	3609.00	11.7%
WMAZ Mar 17	3656.00	-99.00	-2.6%	3755.00	-7.8%	3966.00	5.1%	3480.00	2.1%
WMAZ Jul 17	2598.00	-32.00	-1.2%	2630.00	-0.6%	2614.00	-1.8%	2645.00	-27.0%
YMAZ Spot	3199.00	-27.00	-0.8%	3226.00	-3.6%	3320.00	2.3%	3127.00	-7.6%
YMAZ Mar 17	3080.00	-24.00	-0.8%	3104.00	-5.0%	3241.00	1.9%	3024.00	-9.5%
YMAZ Jul 17	2523.00	-58.00	-2.2%	2581.00	-2.1%	2577.00	-0.9%	2546.00	-20.3%
SOY Spot	6585.00	-5.00	-0.1%	6590.00	0.5%	6550.00	6.2%	6200.00	8.3%
SOY May 17	6118.00	-31.00	-0.5%	6149.00	-1.5%	6211.00	0.2%	6108.00	8.7%
SUN Spot	5800.00	-30.00	-0.5%	5830.00	-0.5%	5830.00	-6.2%	6186.00	-17.8%
SUN May 17	5950.00	-40.00	-0.7%	5990.00	0.0%	5950.00	0.8%	5900.00	2.5%
WHEAT Spot	3865.00	57.00	1.5%	3808.00	-2.0%	3945.00	-1.6%	3928.00	-17.1%
WHEAT May 17	4047.00	17.00	0.4%	4030.00	-1.9%	4126.00	-1.2%	4097.00	-14.1%

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

Mark: Die rand toon goeie verhandeling en het versterk tot en met R13.47/\$ vanoggend vanaf die R13.53/\$ van gister middag 12:00. Die rand toon dieselfde tendens as die geldeenhede van baie van die ander ontluikende lande en versterk teenoor die dollar en verhandel relatief stabiel teen die huidige vlakke. Daar is verskeie faktore wat bydra tot die versterking van die rand wat die feit insluit dat SA nie afgegrader was na rommelstatus nie en ook die plaaslike politieke onsekerheid wat vir eers bietjie uit die hoofnuus is. Die Suid Afrikaanse besigheidsvertroue het ook toegeneem vir November, maar goeie ekonomiese groei is steeds kritiek belangrik vir SA. Daar is egter nog verskeie plaaslike en internasionale faktore wat kan bydra tot die volatilititeit en onsekerheid van die waarde van die rand. Die Brent Ru olie pryse het skerp gestyg en verhandel teen ± 53\$/vat na die OPEL lande se aankondiging dat hulle van die produksie sal vries om die olie mark te stabiliseer.

Mielies: Die VSA mieliepryse het effens laer gesluit gister vir die eerste keer in 3 verhandelings sessies na die goeie styging in die prys gesien was onlangs. Die Maart kontrak het baie aktief verhandel en het steeds bo die 20, 50 en 100 dag bewegende gemiddeld gesluit. Die etanol termyn kontrakte vir Januarie het effens hoër gesluit tensypte van 'n verslag wat verlede getoon het dat die produksie en voorraadvlakke hoër is. Die prys is egter steeds laer as die Desember kontrak verval prys. Die weeklikse USDA se uitvoerverkope verslag word later vandag bekend gestel en die verwagtinge is dat die weeklikse uitvoere min of meer dieselfde tot effens hoër as verlede week se syfers kan wees. Daar is baie gemengde gevoelens tussen analiste in terme van die maandelikse USDA verslag wat more bekend gemaak word. Sommige analiste is van mening dat die mielie eind voorraande hoër aangepas gaan word vanaf die November skatting terwyl ander van mening is dat daar 'n afwaartse aanpassing behoort te wees. Die verwagtinge is dat die USDA moontlik die Brasiliaanse mielie produksie opwaarts behoort aan te pas terwyl die Argentynse produksie vooruitsigte laer aangepas behoort te word. Daar is steeds bekommernisse as gevolg van ongunstige weer in Argentinië wat sterk van sommige dele wat te droog is, terwyl ander weer te nat is. **Plaaslik:** Die plaaslike mielie mark was onder druk gister en die meeste van die kontrak maande vir beide wit en geelmielies het die dag laer afgesluit. Die nuutste weeklikse SAGIS produsente leweringsverslag toon die WM lewerings vir die week op 2 711 ton en vir die seisoen 2.873 miljoen ton. Die YM weeklikse lewerings is op 5 728 ton gerapporteer wat die lewerings vir die seisoen op 3.474 miljoen ton te staan bring. Die fokus in die markte sal op die weersvoorsigte en die reënval bly veral na die westelike dele van die land waar daar nog nie oral genoegsame reën geval het om te plant nie. Die Oostelike dele van die land lyk beter en die produksie kondisies is meer gunstig daar.

Sojabone: Die VSA sojaboonmark het gister effens hoër gesluit, maar kon nie die hoogtepunte wat Dinsdag bereik was haal gedurende die verhandeling nie. Die markte in Asië het gister weer laer verhandel met die palm olie markte wat weer gedaal het nadat dit teen 4 jaar hoogtepunt vlakke verhandel het. Die uitvoerverkope na China en onbekende bestemmings wat gerapporteer is het die Amerikaanse mark ondersteun. Die Chinese sojaboonpryse verhandel ook weer laer na die nagenoeg 10% versterking in die pryse wat verlede week gesien was. China is die grootste aankoper van Amerikaanse sojabone en die meeste uitvoere vanaf die VSA die jaar is na China verskep. Weervoorsigte in Argentynse sojaboon produksie areas word vermag om droog te wees die volgende twee weke, terwyl daar goeie reën in Brasilië voorspel word. Die sojaboon stropery in Brasilië word vermag om oor min of meer 'n maand te begin terwyl die Argentynse stropery binne die volgende 3 maande behoort te begin. Die Brasiliaanse produksie toestande lyk gunstig en die stropery wat vroeg behoort te begin die jaar kan moontlike druk op die VSA pryse plaas. 'n Goeie Suid Amerikaanse oes is egter noodsaaklik om aan die groot wêreld vraag na sojabone te voldoen vir 'n groot gedeelte van 2017. Die verwagtinge is dat die USDA die wêreld eind voorraande effens laer as die November skatting behoort aan te pas in more se maandelikse verslag. Die weeklikse uitvoer verkope word ook vermag om laer as verlede week se vlakke te wees. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark was gister grootliks onder druk gewees en meeste van die kontrak maande het die dag laer afgesluit tesame met meeste van die ander plaaslike kommoditeite. Die gaping tussen die plaaslike SAFEX sojaboonprys en die afgeleide sojaboonprys het egter weer effens vergroter met die SAFEX prys wat hoër as die afgeleide pryse verhandel. Die afgeleide prys het gedaal me die versterking van die wisselkoers onder andere.

Koring: Die koringmark het laer gesluit en kontrak laagtepunte is gestel in meeste van die harde rooi winterkoring kontrak maande. Die koringmarkte is steeds onder druk met die groot wêreld voorraade wat beskikbaar is globaal. Australië is besig om 'n rekord oes te stroop terwyl Kanada ook aangekondig het dat hulle 'n goeie seisoen gehad het in terme van koring produksie en dat hulle produksie 15% hoër is as verlede seisoen en ook hoër is as die gemiddelde handelsvoorsigte. In Argentinië lyk die koring produksie ook goed. Die VSA winterkoring produksie toestande vorder steeds goed tespyte van die bekommernisse wat in groot dele geheers het oor droë toestande. Groot globale koringvoorraade behoort die internasionale mark pryse steeds onder druk te hou en goeie toenames in vraag sal benodig word om die druk op die pryse te verlig. Die verwagtinge is dat daar 'n paar aanpassings behoort te wees in more se USDA se maandelikse verslag. Die weeklikse uitvoerverkope word ook vermag om effens laer te wees as verlede week se syfers. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister ondersteuning gevind en het die dag hoër afgesluit vir meeste van die kontrak maande. Die plaaslike koringmark was heelwat onder druk die laaste ruk en die pryse het skerp gedaal. Die weeklikse SAGIS produsente leweringsverslag toon die weeklikse produsente lewerings op 132 018 ton. Dit bring die totale lewering vir die 2016/17 seisoen tot op 1.244 miljoen ton wat om en by 70.5% is van die NOK se 4de produksieskatting wat 1.766 miljoen ton is.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za

Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za

Opgestel deur: Luan van der Walt/ Vir navrae, kontak: luan@grainsa.co.za